AANHANGSEL C

MOONTLIKE MONSTERS WAT VAN DIE SLAGOFFER GENEEM MOET WORD

Let asseblief daarop dat hierdie tabel slegs as 'n riglyn gebruik moet word en dat dit steeds die verantwoordelikheid van die ondersoekbeampte is om te verseker dat al die nodige monsters geneem word. Die gesondheidsorgwerker kan versoek word om een of elkeen van die volgende monsters van die slagoffer te neem:

Monster	Beskrywing
Wattedepper (posterior fornix)	Wattedepper moet winddroog word. Crime Kit 1 of 3
Glassmeer van wattedepper	Wattedeppers moet oor glasskyfies gerol word. Moenie kleefmiddel gebruik nie en moenie die skyfies bo-op mekaar sit nie.
Anale, vaginale of mondwattedeppers of smeer, waar toepaslik	Anale, vaginale of mondwattedeppers en smere, waar torpaslik (dit moet droog wees voordat dit in die buis geplaas word.)
Haarbewysstuk (vreemde hare, nie dié van die slagoffer nie)	Dit moet uit die slagoffer se skaamdele gekam word. Plaas die hare in 'n sagte papierkoevert. Crime Kit 4
Kontrolehaarmonsters van die slagoffer se kop en skaamdele	'n Minimum van 20 hare word benodig. Dit moet van verskillende plekke op die slagoffer se kop uitgetrek word. (Die haarwortel moet ingesluit wees) Hierdie hare moet word vereis van verskillende plekke op die kop, aangesien daar verskille in lengtes en kleur wees. Crime Kit 4 **Dit mag nie van die slagoffer afgesny word nie.** Plaas die hare in 'n sagte papierkoevert.
Naelskrapings	Skraapsels van onder die naels van die slagoffer indien hy of sy die verdagte gekrap het (slegs as daar bloed was). Crime Kit 1

Bykomende monsters wat benodig word

As groeperings en vergelykings benodig word, moet die volgende bykomende monsters geneem word:

Monster	Beskrywing
'n Kontrolebloed-monster van die **slagoffer**	Alle verdagtes en ander partye met wie die slagoffer binne 72 uur (3 dae) voordat die voorval aangemeld is, geslagsgemeenskap gehad het, moet byeengeroep word en 'n bloedmonster moet van elkeen geneem word. Vrae oor die betrokke partye met wie die slagoffer seksuele omgang gehad het, moet sensitief en in privaatheid gestel word. Kontrolebloedmonsters moet in 'n vloeistofvorm wees, asook een gestolde bloedmonster (rooibruin prop) en een EDTA-bloedmonster (pers prop). Crime Kit 2
DNS	Indien DNS-ontledings benodig word, kan besonderhede van die Forensiese Wetenskaplaboratorium verkry word wat leiding in hierdie verband kan verleen.

Die gesondheidsorgwerker mag dalk ook alkoholmonsters en/of liggaamsvloeistof wil neem.

'n Bloedalkohol-kit moet vir hierdie doel gebruik word en na die Departement van Gesondheid gestuur word. Inligting oor kontrasepsieberading kan op versoek gegee word.

In die geval waar daar enige twyfel bestaan oor die versameling, verpakking en vervoer van monsters, moet die ondersoekbeampte onverwyld die Forensiese Wetenskaplaboratorium kontak.